Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Moya Combrink
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Moya.Combrink@westerncape.gov.za | 021 467 2626

Lêerno.: 20/3/6/1/Kennisgewing van rooster aan skole
Verwysing: 20220831-6131

Omsendbrief: 0028/2022
Vervaldatum: 09 Desember 2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Gewysigde finale rooster vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in November 2022.*

Onderwerp: Gewysigde finale rooster vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in November 2022

1. 'n Afskrif van die **gewysigde** finale rooster (**Bylae A**) vir die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) eksamen in November 2022 is ingesluit.

2. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het kennis geneem van kommer rakende die skedulering van die eksamen vir Ekonomie Vraestel 2 en Maritieme Ekonomie in Oktober/November 2022.

3. Die DBO het die inskrywings van kandidate geverifieer wat Ekonomie en Mariene Ekonomie neem. Slegs wysigings rakende Maritieme Ekonomie is by hierdie rooster aangebring.

4. Die nuwe eksamendatum vir Maritieme Ekonomie is nou soos volg geskeduleer:

Datum	Tyd	Vak/vraestel
02 Desember 2022	14:00	Maritieme Ekonomie

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate wat van plan is om die NSS-eksamen in November 2022 af te lê.

GETEKEN: A LEWIS
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2022-09-13